

SA's Leading Past Year

Exam Paper Portal

STUDY

You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies 😊

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za



SA EXAM
PAPERS



NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

GRAAD 12

JUNIE 2023

GESKIEDENIS V2

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 7 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

AFDELING B: OPSTELVRAE

VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA – DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

VRAAG 4: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.
4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
 - 4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.
 - 4.2 Die DERDE vraag kan OF 'n 'n brongebaseerde vraag OF 'n opstelvraag wees.
5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.
6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.
7. Jy sal deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde benadeel word.
8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.
9. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord EEN óf TWEE vrae uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

VRAAG 1: HOE HET DIE UNITED DEMOCRATIC FRONT (UDF) PROBEER OM PW BOTHA SE HERVORMINGS IN DIE 1980's TEEN TE STAAN?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

- 1.1.1 Noem TWEE ander hervormingsmaatreëls uit die bron wat Botha wou implementeer om apartheid in die 1980's te hervorm. (2 x 1) (2)
- 1.1.2 Definieer die konsep *Driekamerparlement* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 1.1.3 Noem DRIE rassegroepe uit die bron wat in die driekamerparlement ingesluit is. (3 x 1) (3)
- 1.1.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom jy dink PW Botha die meerderheid swartes uit die driekamerparlement uitgesluit het. (2 x 2) (4)

1.2 Raadpleeg Bron 1B.

- 1.2.1 Volgens die bron, wat was die doelwitte van die UDF wat tot sy stigting gelei het? (3 x 1) (3)
- 1.2.2 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom die UDF teen die grondwetlike hervormings van die apartheidsregering gekant was. (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Verduidelik die boodskap wat geïmpliseer word met die woorde: "Ons is hier om te sê dat daar regte is wat nóg toegeken is, nóg ontleen is vanaf die staat," in die konteks van die UDF." (1 x 2) (2)
- 1.2.4 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat navorsing oor die stigting van die UDF doen. (2 x 2) (4)

- 1.3 Vergelyk Bron 1A en 1B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1A die bewyse in Bron 1B met betrekking tot die redes vir die stigting van die UDF ondersteun. (2 x 2) (4)

- 1.4 Raadpleeg Bron 1C.
- 1.4.1 Identifiseer enige TWEE leiers wat in die foto uitgebeeld word. (2 x 1) (2)
- 1.4.2 Gebruik visuele leidrade in die bron om die boodskappe wat in die foto oorgedra word, te verduidelik. (2 x 2) (4)
- 1.4.3 Beskryf die gemoedstoestand van die leiers wat die stigting van die UDF bygewoon het. (2 x 1) (2)
- 1.5 Gebruik Bron 1D.
- 1.5.1 Noem enige TWEE UDF-leiers wat deur die apartheidsregering aangehou (gevangene/geneem) was. (2 x 1) (2)
- 1.5.2 Waarom, dink jy, was die UDF as die 'interne vleuel van die ANC' beskou? (2 x 2) (4)
- 1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik hoe die United Democratic Front (UDF) probeer het om P.W. Botha se hervormings in die 1980's teen te staan. (8)

[50]

VRAAG 2: WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE (WVK) SUKSESVOL OM DIE WONDE VAN 'N VERDEELDE SUID-AFRIKA TE GENEES?

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Lees Bron 2A.

- 2.1.1 Volgens die bron, wat was die twee belangrike dinge wat uit die WVK na vore gekom het? (2 x 1) (2)
- 2.1.2 Waarom, dink jy, was sommige mense nie ten gunste van die WVK nie? (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis, verduidelik waarom jy dink die WVK 'n katartiese (genesende) uitwerking vir baie van die slagoffers gehad het? (2 x 2) (4)
- 2.1.4 Wat word geïmpliseer met die woorde: "Dit het 'n argief (bewaarplek) geskep ... en hopelik daaruit te leer", oor die werk van die WVK? (2 x 2) (4)

2.2 Bestudeer Bron 2B.

- 2.2.1 Waarom, dink jy het die WVK oortreders aangemoedig om vir amnestie aansoek te doen? (1 x 2) (2)
- 2.2.2 Volgens die bron, wat was die positiewe aspekte wat deur die WVK-verhore bereik was? (3 x 1) (3)
- 2.2.3 Definieer die konsep 'amnestie' in jou eie woorde. (1 x 2) (2)
- 2.2.4 Wat, volgens die bron, was die grootste sukses van die WVK? (1 x 2) (2)

- 2.3 Vergelyk Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe die inligting in Bron 2A die bewyse in Bron 2B met betrekking tot die genesingsproses van die WVK ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4 Verwys na Bron 2C.

- 2.4.1 Verduidelik die boodskappe wat in hierdie spotprent oorgedra word. Gebruik die visuele leidrade in die bron om jou antwoord te ondersteun. (2 x 2) (4)
- 2.4.2 Identifiseer enige DRIE 'skelm(onderduimse)-streke' in die bron wat die Nasionale Party gedurende die 1980's gepleeg het. (3 x 1) (3)

- 2.5 Raadpleeg Bron 2D.
- 2.5.1 Verduidelik die beperkings van die WVK vir 'n geskiedkundige wat navorsing oor die sukses van die genesing van die wonde van die slagoffers doen. (2 x 2) (4)
- 2.5.2 Waarom dink jy het die Nasionale Party en ander verregse groepe die WVK daarvan beskuldig dat dit 'n 'heksejag' is? (2 x 2) (4)
- 2.5.3 Hoe, volgens die bron, sal herstellende geregtigheid suksesvol wees? (1 x 2) (2)
- 2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy verduidelik hoe die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) suksesvol was om die wonde van 'n verdeelde Suid-Afrika te genees. (8)
- [50]**

AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag uit hierdie afdeling, maar nie meer as TWEE vrae nie.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

“Dit was die Swartbewussynsbeweging (SBB) en Steven Bantu Biko wat instrumenteel was om die apartheidsregering in die 1970's uit te daag.”

Stem jy saam met die stelling? Gebruik relevante bewyse om jou lyn van argument te ondersteun.

[50]**VRAAG 4: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE**

“De Klerk se vrylating van Mandela was 'n keerpunt in Suid-Afrika se geskiedenis tot demokrasie in die 1990's.”

Bespreek die stelling krities met verwysing na die proses van onderhandelinge in Suid-Afrika tussen 1990 en 1994.

[50]**VRAAG 5: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989**

Verduidelik tot watter mate die ineenstorting van die Sowjetunie die beëindiging van apartheid in Suid-Afrika beïnvloed het.

Ondersteun jou argument met relevante bewyse.

[50]**TOTAAL: 150**